**Woensdag 19 April**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:21-31**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:24b-27**

**In die liggaam van Christus moet lidmate gelyke sorg vir mekaar dra**

God het in sy wysheid die liggaam van Christus so saamgestel dat lidmate van mekaar afhanklik is, en dat elke lidmaat die ander lidmate nodig het. Daarom hang die welsyn van die liggaam en van elke afsonderlike lidmaat af van die goeie funksionering van die ander dele. Daar was in Korinte, en daar is ook vandag, lidmate wat selftevrede is en daarom voel hulle het nie ander lidmate nodig nie. Dit is skadelik vir die hele gemeente en vir elke lidmaat om verdeeld en geskei van mekaar te wees. God gee aan elkeen verantwoordelikheid om om te gee vir mekaar en om mekaar te versorg.

Daarom behoort lidmate gelyke sorg vir mekaar te dra. Gelyke sorg vir mekaar kom uit ’n hart van liefde, met hande wat prakties aandag gee aan ander se swaarkry en blydskap. Die Heilige Gees maak lidmate sensitief vir ander, en hoe meer hulle deurdronge is van die Gees, hoe groter die ywer om vir ander sorg te dra. Dit hoef nie noodwendig groot dade aan baie mense te wees nie, want ’n handspier werk net in sy eie omgewing, maar dien so die hele liggaam. Meelewing wat klein lyk, is baie waardevol vir die funksionering en opbou van die hele liggaam. So beleef ons pyn as ander pyn het en blydskap saam met ander. Daarom moet die vraag altyd by ons leef: Watter sorg het hierdie lidmaat wat die Here op my pad gebring het, nodig?

Daar is ’n verskeidenheid van lidmate en gawes en in Christus is hulle één, al is hulle nie eenders nie. Die eenheid in die liggaam is baie belangrik, maar dit beteken nie eenvormigheid nie. Om as eenheid te kan funksioneer, is verskeidenheid en onderlinge sorg net so belangrik.

*Sing: Psalm 133-1:1, 2*
*Prof. BJ de Klerk (Ben) (emeritus)*